Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 31 JANUARIE 2019 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Maart, E S M (DA)
McQuire, V D (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom Ds Jacobus Snyders van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Swartland Moedergemeente, wat die vergadering met skriflesing en gebed open.

'n Verdere woord van verwelkoming word gerig aan die Uitvoerende Burgemeester, die Uitvoerende Onderburgemeester, raadshere, raadsdame, raadslede, amptenare en lede van die publiek.
'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die afgevaardigdes van die Kantoor van die Ouditeure-Generaal, me Gina Schultz en mnr Preston Wareley, asook aan mnr Theron, 'n voormalige lid van die Eksterne Ouditkomitee.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Desember en Januarie verjaar, met 'n spesiale seënwense aan rdl D G Bess wat op datum verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle F S Humphreys, B J Stanley, D B Philander en Z Bekebu.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 INKOMSTEBESKERMINGS- EN VERLIESBEHEERBEAMPTE: ME BELINDA MARAIS (11/1/1/20)

Die Speaker gee geleentheid aan die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, om die Munisipaliteit se Inkomstebeskermings- en Verliesbeheerbeampte, me B Marais aan die Raad voor te stel.

3.1/...

Me Marais dien as voorsitter van die Weskaapse-tak van die *Southern African Protection Association* (SARPA) en verteenwoordig lg. op die uitvoerende raad van die *Association of Municipal Electricity Utilities* (AMEU).

'n Groot eer het me Marais te beurt geval met haar verkiesing as President Elect van SARPA in November 2018 as erkenning van haar vaardighede, bydraes en verbintenis tot die betrokke veld van inkomstebeskerming en verliesbeheer. SARPA is 'n prominente en gerespekteerde nasionale organisasie met lidmaatskap en afvaardigings vanuit plaaslike, provinsiale en nasionale owerheidsfere, SALGA, ESKOM, SAPS, Suider-Afrikaanse en internasionale lande, privaatorganisasies, spesialiste, ens.

Die Raad wil hiermee me Marais bedank vir haar harde werk en uitsonderlike bydraes in die veld van inkomstebeskerming en verliesbeheer wat tot groot voordeel vir Swartland Munisipaliteit is.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste oorhandig die aanstellingsbrief as President Elect van SARPA aan me B Marais.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 OKTOBER 2018

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Oktober 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2018

BESLUIT
(op voorstel van rdl E S M Maart, gesekondeer deur raadsdame M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 13 Desember 2018 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 OKTOBER 2018,
saamgelees met
NOTULES VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 18 OKTOBER 2018

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1/...

6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 27 SEPTEMBER 2018

6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 25 OKTOBER 2018

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2017/2018 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

Die 2017/2018 Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die konsep jaarverslag is apart tot die sakelys aan alle raadslede gesirkuleer.

Die Speaker gee geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om enkele hoogtepunte uit die jaarverslag aan die Raad voor te hou.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die voorlegging van die konsep jaarverslag die rede is vir die besoek deur die Kantoor van die Ouditeure-Generaal aan die Raad, aangesien die ouditverslag 'n integrale deel uitmaak van die jaarverslag.

Die stappe om uitvoering te gee aan die publieke deelnameproses in aanloop tot die opstel van die oorsigverslag deur die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) en finale goedkeuring van die jaarverslag deur die Raad word deur die Munisipale Bestuurder voorgehou.

Die Munisipale Bestuurder noem dat een van die hoogtepunte is dat Swartland Munisipaliteit daarin kon slaag om vir die afgelope 6-7 jaar meer as 90% van die kapitaalbegroting in 'n finansiële jaar kon spandeer. Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste het die uitdaging gehad om teen Desember 2018, 70% van MIG-fondse t.o.v. die 2018/2019 finansiële jaar te spandeer om vir addisionele toekennings in aanmerking te kom. Hierdie toekennings is die gevolg van die onvermoë van ander munisipaliteite om MIG-fondse te spandeer, en kon Swartland Munisipaliteit aansoek doen en motiveer om 'n verdere R9.7 miljoen te bekom – die uitslag word afgewag.

Die Munisipale Bestuurder behandel verder die wysigings aan die konsep jaarverslag wat deur die Kantoor van die Ouditeur-Generaal voorgestel is.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy teleurstelling in die Kantoor van die Ouditeur-Generaal uit deurdat daar nie konsekwent opgetree word met ouditbevindinge nie. Die Uitvoerende Burgemeester verwys spesifiek na die interpretasie van "laat indiening" van finansiële state, waar sommige munisipaliteite wat finansiële state laat ingedien het, nie gepenaliseer is nie, maar wel Swartland Munisipaliteit.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat opdrag gegee is om regsaksies te loods teen die bevinding van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal, en dat geen verdere kostes uitbetaal sal word met betrekking tot die oudit nie, alvorens die regspraak nie gelewer is nie.

Verder word daar uitgelig dat die Kantoor van die Ouditeur-Generaal die finale bestuursbrief op 30 November 2018 moes uitreik, maar het Swartland Munisipaliteit dit eers op 24 Januarie 2019 ontvang.

Op gerugte waarna die Uitvoerende Burgemeester verwys, roep die Speaker lg. tot orde en versoek dat die item op die tafel voorgestel word, waarna die verwysing na gerugte teruggetrek word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2017/2018 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

7.1/...

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
(i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
(ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
(iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 28 Maart 2019 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
(iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
- twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;

(d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 28 Maart 2019 by te woon;

(e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 28 Maart 2019.

7.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER - DESEMBER 2017 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2018 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober 2018 tot 31 Desember 2018.

7.3 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die MFMA bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die uitvoerende burgemeester moet vervolgens ingevolge artikel 54(f) van die MFMA jaarliks teen 31 Januarie die evalueringsverslag aan die munisipale raad voorlê.

Die Halfjaarlikse Begrotings- en Prestasieverslag is opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009).

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2018/19 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

7.4 GOEDKEURING VAN DIE 2018/2019 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING: TEGNIESE AANBEVELINGS (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2018/2019 halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal- en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Januarie 2019 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geevalueer is – verwys item 7.3.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van vier raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste daarvan, en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

(a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n verhoging in die begrote surplus van R 10 914 610 na 'n begrote surplus van R 16 149 238;

(c) Dat die ongemagtigde bestedings geïllustreer onder 2.5 (a) goedgekeur word as deel van die aansuiweringsbegroting van 2018/2019 in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;

(d) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos in Aanhangsel C uiteengesit, sowel as die regstellings van die verskille wat tydens die verifikasieproses van die oorspronklike begrotingskedules geïdentifiseer is;

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) dienooreenkomstig gewysig word;

(h) Dat goedkeuring verleen word om die hoëvlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2018/2019 as volg te wysig:

Tabel/...

7.4/...

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Oorrol Aansuiwerings begroting 2018/2019	Spesiale Aansuiwerings begroting 2018/2019	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2018/2019	Increase / (- Decrease)
Kapitaalbegroting	R 87 245 909	R 94 009 363	R 102 890 363	R 98 785 331	(R 4 105 032)
Bedryfsuitgawes	R 698 278 426	R 699 811 714	R 676 259 498	R 693 672 465	R 17 412 967
Bedrysinkomste	R 746 205 036	R 751 554 438	R 736 846 222	R 761 793 817	R 24 947 595
Begrote (Surplus)/ Tekort	(R 47 926 610)	(R 51 742 724)	(R 60 586 724)	(R 68 121 352)	R 7 534 628
Minus: Kapitaal Toekennings	R 36 975 000	R 40 791 114	R 49 672 114	R 51 972 114	R 2 300 000
(Surplus)/ Tekort	(R 10 951 610)	(R 10 951 610)	(R 10 914 610)	(R 16 149 238)	R 5 234 628

7.5 STATUS QUO EN WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die doelwit ten opsigte van die voorgestelde wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is om rigting en leiding te gee insake ruimtelike ontwikkelings met spesifieke verwysing na behuising, institusionele- en begraafplaas tekortkominge.

Die voorlegging aan die Raad van die voorgestelde wysigings het ten doel om beginsel-goedkeuring te bekom ten einde ‘n publieke deelnameproses te deurloop.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl V D McQuire)

(a) Dat kennis geneem word van die status quo van die 2017-2022 Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) en die voorgestelde wysiging met spesifieke verwysing na die fokusareas, naamlik (1) behuising; (2) institusionele behoeftes en (3) begraafplaas behoeftes;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die eerste konsep wysiging aan die 2017-2022 ROR in terme van paragraaf 7(1)(b) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 7741 gedateer 3 Maart 2017) vir publieke kommentaar bekend gemaak word;

(c) Dat die voorgestelde wysiging van die ROR aan die Provinsiale Minister en ander staatsorgane beskikbaar gestel word vir kommentaar;

(d) Dat die tydperk vir publieke deelname sal wees vanaf Februarie tot Maart 2019 en dat daar opedae in die meeste van die dorpe in die Swartland munisipale gebied gehou sal word soos per aangehegte skedule;

(e) Dat die aangehegte skedule aangepas word om ook publieke deelname in die dorpe van Riverlands, Kalbaskraal, Koringberg en Ruststasie in te sluit.

7.6 WYSIGING VAN DIE VOORSIENINGKANAALBESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die Voorsieningkanaalbestuursbeleid word op ‘n jaarlikse basis hersien ten einde tred te hou met die nuutste wetgewende vereistes en toepaslike regulasies. Die wysigings handel met die hantering van afwykings van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 36 van die beleid.
Die gewysigde beleid is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Voorsieningkanaalbestuursbeleid ten opsigte van paragraaf 36(1)(3), soos aangedui in Aanhangsel A, met onmiddellike effek goedgekeur word en ten opsigte van paragraaf 2(6)(d) met ingang van 1 Mei 2019.

7.7 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE OPENBARE OORLASTE (1/1)

Met die hersiening van die Verordening insake Openbare Oorlaste gedurende 2015 was die Raad geadviseer om die aanhou van diere, spesifiek honde, uit vermelde verordening weg te laat, aangesien dit reeds gedeeltelik deur die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning gereguleer word.

Die ondervinding is egter dat, veral die aantal honde wat op persele aangehou word, 'n openbare oorlas veroorsaak en dat die verordening weer hersien moet word om bestaande tekortkominge aan te spreek.

Die gewysigde verordening is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van raadsdame M van Zyl, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die konsep Verordening insake Openbare Oorlaste aan die Raad op 31 Januarie 2019 vir beginselgoedkeuring voorgelê word;

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.8 BEDANKING VAN RDL N SMIT AS VERTEENWOORDIGER VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT NA WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (3/3/1/1)

'n Skrywe gedateer 21 Januarie 2019 is ontvang vanaf rdl N Smit insake haar bedanking as verteenwoordiger van die Swartland munisipale raad op die Weskus Distriksraad met onmiddellike effek.

Artikel 11(1)(a) en (b) van Bylae 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet 117 van 1998) bepaal die proses insake die vulling van 'n vakature op distriksrade.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur raadsheer R F van der Westhuizen)

(a) Dat kennis geneem word van die bedanking van rdl N Smit as verteenwoordiger op die Weskus Distriksraad en dat die bedanking dienooreenkomstig aanvaar word;

(b) Dat die hoofverkiesingsbeampte van die bedanking in kennis gestel word en die OVK versoek om die volgende kandidaat op die lys, synde rdl C H Papers, verkose te verklaar as verteenwoordiger van die Swartland munisipale raad op die Weskus Distriksraad

(c) Dat die Weskus Distriksmunisipaliteit in kennis gestel word van die aksies van die hoofverkiesingsbeampte om die OVK in te lig.

7.9 MOSIE ONTVANG: (1) WYSIGING VAN PORTEFEULJEKOMITEES; (2) WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGERS OP INTERNE- EN EKSTERNE KOMITEES; (3) WYSIGING VAN LEDE VAN DIE PUBLIEKE VERANTWOORDBAARHEIDSKOMITEE (MPAC); (4) AANSTELLING VAN RAADSLID NA WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (3/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, lê die mosie aan die Raad voor en noem dat die wysiging van die portefeuljekomitees ten doel het om 'n groter fokus te plaas op die welstand van mense, met die stigting van die Ontwikkelingsdienste Portefeuljekomitee.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van vier raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste daarvan, en vier raadslede wat buite stemming bly.

Besluit/...

7.9/...

BESLUIT

(op voorstel van raadsheer T van Essen, gesekondeer deur raadsdame M S I Goliath)

(a) Dat die Raad die volgende artikel 79 komitees met ingang van 1 Februarie 2019 instel, met die bevoegdhede soos uiteengesit in Bylaes C tot F van die verslag:
(1) Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansieskomitee (volgens Bylae B);
(2) Siviele en Elektriese Dienste Komitee (volgens Bylae C);
(3) Ontwikkelingsdienste Komitee (volgens Bylae D
(4) Beskermingsdienste Komitee (volgens Bylae E);

(b) Dat die volgende raadslede tot die onderskeie komitees aangewys word, beperk tot 'n maksimum van elf lede per komitee, in die hoedanighede en vanuit die partye soos aangetoon:

(1) Munisipale Bestuurder, Administrasie en Finansieskomitee:
Voorsitter : rdl C Daniels (DA)
Ondervoorsitter : : raadsdame M van Zyl (DA)
Lede:
raadsdame M S I Goliath (DA) / rdl C H Papers (DA) / rdl M A Rangasamy (DA) / rdl J M de Beer (DA) / raadsheer R F van der Westhuizen (DA) / rdl C B Fortuin (DA)
rdl L E Mfutwana (EFF)
rdl …….. ANC
rdl …….. ANC

(2) Siviele en Elektriese Dienste Komitee:
Voorsitter : rdl N Smit (DA)
Ondervoorsitter : raadsheer R F van der Westzhuizen (DA)
Members:
raadsdame M S I Goliath (DA) / rdl B J Stanley (DA) / rdl E S M Maart (DA) / rdl C Daniels (DA) / rdl D G Bess (DA) / rdl O M Stemele (DA)
rdl L E Mfutwana (EFF)
rdl …….. ANC
rdl …….. ANC

(3) Ontwikkelingsdienste Komitee:
Voorsitter : rdl J M de Beer (DA)
Ondervoorsitter : rdl O M Stemele (DA)
Members:
raadsdame M S I Goliath (DA) / rdl N Smit (DA) / rdl E S M Maart (DA) / rdl V D McQuire (DA) / rdl P E Solomons (DA) / rdl C B Fortuin (DA)
rdl L E Mfutwana (EFF)
rdl …….. ANC
rdl …….. ANC

(4) Beskermingsdienste Komitee:
Voorsitter : rdl D G Bess (DA)
Ondervoorsitter : rdl P E Solomons
Members:
raadsdame M S I Goliath (DA) / raadsdame M van Zyl (DA) / rdl C H Papers (DA) / rdl B J Stanley (DA) / rdl M A Rangasamy (DA) / rdl V D McQuire (DA)
rdl L E Mfutwana (EFF)
cllr …….. ANC
cllr …….. ANC

(d) Dat verteenwoordigers uit die geledere van die Raad tot die onderskeie komitees en/of eksterne liggame aangewys word, soos aangedui op die aangehegte mosie (Aanhangsel A) en dat die betrokke komitees/liggame van die wysigings in kennis gestel word;

(e) Dat die opposisie partye versoek word om voor die Portefeuljekomitee-vergaderings van 13 Februarie 2019 name van raadslede deur te gee om op die onderskeie komitees en eksterne liggame te dien.

7.10 MOSIE: WYSIGING VAN DIE VERWYSINGSRAAMWERK: MUNISIPALE PUBLIEKE VERANTWOORDBAARHEIDSKOMITEE (3/2/2)

Die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) is deur die Raad ingestel op 29 November 2012, waarna die komitee se verwysingsraamwerk op 30 Januarie 2014 goedgekeur is.

Die wysiging van die komiteestrukture soos vermeld in item 7.9 het tot gevolg dat die samestelling van die MPAC gewysig moet word en gepaardgaande die MPAC-verwysingsraamwerk.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van vier raadslede) beslis met 15 stemme ten gunste daarvan, en vier raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C B Fortuin, gesekondeer deur rdl C Daniels)

(a) Dat die volgende raadslede op die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee (MPAC) met onmiddellike effek aangewys word:

Voorsitter: Cllr D B Fortuin (DA)
Ondervoorsitter: Cllr C Daniels (DA)
rdl C H Papers (DA) / rdl N Smit (DA) / rdl J M de Beer (DA) / rdl D G Bess (DA)
rdl L E Mfutwana (EFF)
rdl …… (ANC)
rdl …… (ANC);

(b) Dat kennis geneem word dat die Verwysingsraamwerk van die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee soos goedgekeur deur die Raad in 2014 die samestelling van die komitee bepaal, maar dat geleentheid aan die nuut aangestelde komitee gegee word om die verwysingsraamwerk te hersien;

(c) Dat daar so spoedig moontlik opleiding deur Provinsie of SALGA aan die nuut aangestelde komiteelede gereël word ten einde hulle te bemagtig om uitvoering aan paragraaf (b) te gee;

(d) Dat die hersiende verwysingsraamwerk aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

7.11 RAADSLIDVERGOEDING: 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Goewermentskennisgewing Nr 1426 soos afgekondig in Staatskoerant 42134 gedateer 21 Desember 2018, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2018/2019 finansiële jaar, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder bevestig, soos in die verlede, dat nasionale en provinsiale platforms gebruik word om druk op die Minister te plaas om die kennisgewing vir die implementering van raadslidvergoeding vroeër af te kondig.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word (in die afwesigheid van vier raadslede) –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl V D McQuire, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing Nr 1426 soos afgekondig in Staatskoerant 42134 gedateer 21 Desember 2018, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2018/2019 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;

(b) Dat, met verwysing na die mosie soos voorgehou onder item 7.9 van die sakelys met betrekking tot die aanstelling van vier addisionele artikel 79 komiteevoorsitters met ingang vanaf 1 Februarie 2019, kennis geneem word van die finansiële implikasies wat gemelde aanstellings teweeg bring, soos voorgehou in die gewysigde Aanhangsel B wat aan raadslede gesirkuleer is;

7.11/...

(c) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening, te wete R10 557 970,00 in die 2018/19 finansiële begroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele ten bedrae van R10 391 579.66 te dek, ingesluit die aanstelling van gemelde artikel 79 voorsitters, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2018;

(d) Dat goedkeuring verleen word dat die maandelikse toelaag van R300 ten opsigte van datapakkette (met verwysing na paragraaf 3.7 van die verslag) ingevolge die "Tools of Trade Policy" aan alle raadslede betaal word;

(e) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;

(f) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Paragraaf 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word.

7.12 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Ingevolge item 7 van die Gedragskode vir Raadslede moet raadslede binne 60 dae na hul verkiesing, asook jaarliks daarna, hul finansiële belange op skrif verklaar, asook geskenke wat in waarde die bedrag van R1 000,00 oorskry.

BESLUIT
(op voorstel van raadsheer T van Essen, gesekondeer deur rdl N S Zatu)

(a) Dat raadslede kennis neem dat enige veranderinge in die aard of detail van die finansiële belange van 'n raadslid soos na verwys in Item 7 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur 'n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000.00 oorskry;

(b) Dat kennis geneem word dat enige wysigings van die besonderhede soos na verwys in paragraaf (a), teen nie later nie as 13 Februarie 2019 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

GETEKEN:
SPEAKER